PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LUG U MENING

## WETSONTWERP OP DIE VERDELING VAN INKOMSTE VIR 2026 EN DIE SPESIALE BEGROTINGSWETSONTWERP VIR 2025-26

## VOORLEGGINGS EN OPENBARE VERHORE

Die Staande Komitee oor Begrotings nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om mondelinge en skriftelike voorleggings te doen oor die Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste vir 2026 en die Spesiale Begrotingswetsontwerp vir 2025-26 wat saam met die 2026-27-begroting deur die Minister van Finansies op 25 Februarie 2026 ter tafel gelê is.

Die Wysigingswet op Geldwetsontwerpe en Verwante Sake, Nr 13 van 2018, vereis dat die Parlement openbare verhore hou en verslag doen oor die wetsontwerpe voor hom. Die Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste maak voorsiening vir die billike verdeling van inkomste wat nasionaal ingesamel word tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere vir die betrokke boekjaar en die verantwoordelikhede van al drie sfere ingevolge sodanige verdeling; en maak voorsiening vir sake wat daarmee verband hou.

Die Spesiale Begrotingswetsontwerp vir 2025-26 maak voorsiening vir die toewysing van geld vir die behoeftes van die staat vir die 2025-26-boekjaar; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

Openbare verhore sal by die **Westville Gemeenskap Saal, Durban (KZN)** IKS deur die Staande Komitee oor Begrotings op Dinsdag, **17 Maart 2026 vanaf 09:00 tot 15:30** gehou word. Lede van die publiek word na die openbare verhore genooi om mondelinge voorleggings te doen of skriftelike voorleggings oor die wetsontwerpe in te dien.

Voorleggings moet per e-pos gerig word aan die komiteesekretaris, mnr Mashile Maubane, by amaubane@parliament.gov.za en mnr Denver Woodington by dwoodington@parliament.gov.za. Skriftelike voorleggings kan ook per hand afgelewer word by die Parlement van Suid-Afrika, Besoekersentrum, Grondvloer, Pleinstraat 90, Kaapstad.

**Die sluitingsdatum vir die indiening van skriftelike voorleggings is 15:00 op Maandag, 16 Maart 2026.**

Afskrifte van die Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste vir 2026 en die Spesiale Begrotingswetsontwerp vir 2025-26 is beskikbaar by **www.treasury.gov.za** of **www.parliament.gov.za**.

**Uitgereik deur: dr M A Maimane, LP,**
Voorsitter van die Staande Komitee oor Begrotings (Nasionale Vergadering).